

SONDAG
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Petro Kriel	Lof-en-aanbidding		Roux Gerber
Liturg	Gebed		
	Musiek	“This little child” (SW Brown)	Musiek
Hannes	Voorlesing	Het jy al daaraan gedink waarom God juis die menslike vorm van lewe gekies het om sy Verlossing in te stuur. Waarom die mens? Waarom is die mens uitgesonder? Is dit omdat ons die kroon van die skepping is? Moontlik. Of is dit omdat ons swak is, omdat ons sondig is, ons wat soveel potensiaal het so ver benede ons vermoë lewe.	
Hannes	Tussenspel	Klavier: Ges 94 (2x)	Solo
Liturg	Voorlesing	<p>God kom na die mens in die vorm van 'n swak babatjie om daardeur met die mens se swakheid te identifiseer. Hy wil deur die Jesuskind vir ons uitkoms bring. As ons aan die Christuskind hulde bring gee jy erkenning aan jou eie swakheid. Maar dis nie al nie. Jy gee erkenning aan Christus, die Here, die Eerste wat uit die dood opgestaan het. Die een wat juis deur swakheid krag na vore laat kom, deur die kruis die opstanding. Slegs deur jou hoop op Christus en verhouding met Hom kan jy dit regkry om weer 'n heel mens te word.</p> <p>Eintlik is ons halwe mense voor Christus ons vind. Halfmens. Lyk soos 'n mens maar tree op soos 'n dier. Stukkend geslaan deur teleurstelling. Verpletter deur die dood. Vermink langs die paaie en op plase. Bedroef deur verlies. Ons sit soos die skaapwagters verwee in die oop veld. Totdat God by ons kom. Die engel was die skaapwagters se manier om te sê dit was God.</p> <p>Die skaapwagters in die oop veld het nie veel gehad nie. Hulle was van die laer sosiale klas. Invloedrykes het op hulle neergesien. Hulle het min vooruitsig en hoop gehad in hierdie lewe. En tog kies God hulle om sy groot boodskap aan bekend te maak. Nie die goewerneur met die mag nie. Nie die filosowe met hulle geleerdheid nie. Maar die gewones van die land. Die eenvoudiges. Die wat weet dat hulle swak is. Daarom reageer hulle op die boodskap - hulle doen moeite om die Kind te vind. Dit is al hoop wat hulle het.</p>	
	Sang	<p>LB368:1-4 “Wyl herders by hul kudde wag”</p> <p>LB361:1-4 “Oor skape hou die herders wag”</p> <p>LB365:1-3 “Hoor die blye englelied”</p>	<p>LB368:1-4</p> <p>LB361:1-4</p> <p>LB365:1-3</p>

Liturg	Voorlesing	Om hulde te bring aan die Christuskind moet jy erken dat jy swak is. Om te verstaan waarom dit met Kersfees gaan is om prys te gee aan jousef. Party mense buig nie eers voor belangrike mense nie. Hoe kan jy van my verwag om voor 'n babatjie te buig? Tog is dit wat God vir jou vra. Die Kindjie is die pad na jou nuwe lewe. Dit is vir jou wat die Morester wink. Aan jou aan wie die Here verskyn.	
Hannes	Sang	LB350:1-3 “In die stad van koning Dawid”	LB350:1-3
Liturg	Voorlesing	Hy praat. Hy verskyn. Maar kan jy Hom hoor? Wil jy Hom hoor? Doen jy moeite soos die skaapwagters om by Hom uit te kom? Selfs deur die films oor hom praat Hy met ons. Dur die debat in die koerante oor die historiese Jesus. Hy hou net aan om in duisend gedaantes na ons toe te kom. In Jesus of Montreal : He will come to you. Juis jy wat al moed opgegee het! Juis vir jou sê die engel: kom saam na die Christuskind toe.	
Hannes	Sang	Drummer:1-3 “Kom, hul nooi my”	Drummer
Liturg	Voorlesing	As ons by die Kind kom dan vind ons Hom in 'n krip. Hoekom in 'n krip? Want die mense wou God nie by hulle gehad het nie? Asof die vernedering om mens te word nie groot genoeg is nie, hoor Hy daar is geen plek in die herberg nie. Daarom moet Hy in 'n stal, waarskynlik 'n grot wat aan die skaapwagters behoort het. By die mense geen plek. Net by die diere. Tussen die hooi en die gras lê ons Verlosser. Sonder 'n pa (Josef was sy stiefpa) - onthou Hy is deur die Gees verwek - eintlik 'n buite-egtelike kind. Mark 6:3 verwys na Hom as die Seun van Maria. Dit beteken hy het geen status gehad. Geen identiteit - behalwe dat Hy God se Seun is. Sodat Hy alle verwerptes, alle nederiges, alle swakkes, alle sondaars, plante, diere, mense, ja die hele skepping kan verlos en hoop gee. Hoop vir 'n nuwe millenium. Daarom kan ons ook saamsing. Ons kan Hom eer. Hy het dit vir ons gedoen, om aan elkeen van ons UITKOMS te gee. Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het. Amen	
Liturg	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Mat 1:18-25	Skrif
Liturg	Preek	Kersfees: Om te lewe in 'n gebroke liggaam..	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe	Afkondigings op bord	
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	LB353:1-3 “Die Heiland is gebore”	LB353:1-3
	Seën		

PREEKSKETS

Die jaar 2001 is amper verby.

Een van die dinge wat hierdie jaar itgestaan het in die koerante is die hele saak rondom profeet TB Joshua.

- Van regoor die wêreld het mense daarheen gereis vir genesing.
- Baie mense het letterlik hulle laaste geld gebruik om daar te kom.
- Uit al die verskillende lande het mense daarheen gestroom.
- Hoekom?
- Om bevry te word van die siekte wat hulle liggame getref het.
- 'n Mens wil jou liggamlike beperkings te bowe kom.
- Uitstyg bo jou eie liggaam.

Hoe dikwels probeer 'n mense nie wegkom van jou liggaam af nie.

- Ek wonder hoeveel mense met kanker al gewens het hulle kan ontsnap uit hierdie liggaam.
- Want die liggaam gaan so maklik stukkend.
- Dit verweer so maklik.
- Dit bind 'n mens.
- Dit beperk jou.

Ons sien baie keer dit by ou mense raak.

- Uitdrukking: Die gees is gewillig maar die vlees is swak.
- Hie in my hart voel ek ek wil nog dit en dat doen.
- Maar my liggaam verhinder my.
- Dit wil nie meer gaan waar ek wil gaan nie.
- En dan wens 'n mens jy kan bevry word van die liggaam.

Dis kan so maklik gebeur dat 'n mens se liggaam jou grootste vyand word.

- Kyk maar na tieners.
- Puberteitsjare.
- Sien hulleself in die spieël - puisies
- Haat hulleself.
- Wil nie so wees nie.
- Wil soos die popsterre wees.
- Wil mooier wees.
- Wil perfek wees.

In die verlede was daar dikwels sektes en groepe wat probeer het om weg te kom van hulle liggame af.

- Hulle het in kloosters gaan woon.
- Paalsitters.
- Ontken liggamlike behoeftes.
- Maak of dit nie bestaan nie.
- Al wat belangrik is, is die siel.
- Die gees.
- Die innerlike.

Party het sover gegaan om te sê alles wat met die liggaam te doen het, is verkeerd.

- Seks is verkeerd.
- Lekker eet is verkeerd.
- Om 'n glasie wyn te drink is verkeerd.
- Om jou liggaam mooi te maak is verkeerd.

- Ens.

Wat sê kersfees oor dit alles?

Wat sê kersfees oor ons liggame?

Wat sê kersfees oor ons siektes?

Wat sê kersfees oor die verhouding tussen 'n mens se liggaam en siel?

Party mense sal sê kersfees het niks met profeet Joshua te doen nie.

Kersfees gaan oor 'n krip en Jesus en herders en wyse manne...

Ons gaan volgende week meer daaroor sê.

• **GOD HET IN 'N GEWONE MENSLIKE LIGGAAM KOM BLY.**

- Jesus kon as 'n supermens aarde toe gekom het.
- Hy kon 'n superliggaam gehad het.
- Maar Hy besluit om 'n gewone menslike liggaam te hê.
- Sy geboorte was 'n gewone bloederige geboorte.
- 'n Gewone naelstring wat geknip moes word.
- Hy is gebore met 'n liggaam soos ons eie;
 - dors
 - honge
 - moeg word.
 - spanning
 - stres
 - siektes
- Gegroei en grootgeword soos enige ander kind.
- Deur dieselfde stadia as ons eie kinders:
 - baba
 - peuter
 - kleuter
 - tiener
 - vroeë-volwassenheid
 - volwassenheid
- M.a.w: God verklaar nie oorlog teen die liggaam nie.
- Hy ko bevry ons nie uit ons liggame nie.
- Hy kom woon in net so liggaam soos ons eie.

- Kersfees sê: My liggaam is vir God net so belangrik soos my siel.
- Hy kom woon in 'n liggaam
- Hy kom woon in my liggaam.
- My liggaam word Sy tempel.
- Daarom skryf Paulus: Julle liggame is 'n tempel van die HG.
- Waar bly God.
- In daai gebroke liggaam van jou.
 - In 'n liggaam vol tekortkominge.
 - 'n Liggaam vol siektes.
 - 'n Liggaam wat deurtrek is met kanker.
 - Daar woon Hy.

• **HY HET IN 'N GEWONE MENSLIKE LIGGAAM GESTERF**

- Wanner Jesus 33 jaar later aan die kruis hang, hang Hy daar met 'n gewone menslike liggaam.
 - 'n Liggaam wat seerkry wanneer hulle dit met 'n sweep slaan.
 - 'n Liggaam wat bloei wanneer die spykers daardeur gaan.
 - 'n Liggaam wat naar word van die asyn aan die spons.
 - 'n Liggaam wat elke doring van die doringkroon voel.
- Hy kon Sy liggam net daar agter gelaat het.
 - Hy kies om met Sy gewone menslike liggaam te sterf.
 - Sodat Hy ten volle kan identifiseer met ons gebroke menslike liggame.
 - Sodat Hy ons pyn kan verstaan.
 - Sodat Hy ons liggaamlike beperkings kan ervaar.
- Daardie dag wat Hy mens geword het, het Hy besluit om tot die einde mens te wees.
 - Om nie toe die pyn en seerkry te veel word, te ontsnap uit Sy menslike liggaam nie.

• **HY HET IN 'N GEWONE MENSLIKE LIGGAAM OPGEVAAR NA DIE HEMEL.**

- Toe Jesus opvaar na die hemel, het Hy opgevaar met dieselfde menslike liggaam.
- Hy kon dit agter gelaat het.
- Hy kon dit op die aarde gelos het.
- Daarmee vir ons gewys dat die liggaam nie belangrik is nie.

- Maar Hy doen dit anders.
 - Hy vaar op met Sy menslike liggam.
 - Steeds die gate in Sy hande.
 - Steeds die gate in Sy voete.
 - Die gat in Sy sy.
 - Die merk van die swepe op sy rug.

U sien, op kersfees is Jesus gebore as mens.

Hy het as mens in die wêreld gekom.

Hy het met dieselfde menslike liggaam daaruit vertrek.

Vandag woon Hy steeds in stukkende menslik eliggame.

- Hy woon in die liggaam van 'n serebraal egstremde kind.
- Hy woon in die liggaam van 'n vigs-slagoffer.
- Hy woon in die liggaam van 'n invaliede.
- Hy woon in 'n liggaam wat sterwend is van kanker.

Hy het gekies om in 'n menslike liggaam te woon.

Hy het dit enduit gedoen.

Hy doen dit steeds vandag.

En daarom is kerstyd 'n tyd om vrede te maak met jou gebrokenheid.

- Vrede te maak met jou beperrkinge.
- Vrede te maak met jou liggamlike gebreke.

Hoe kan 'n mens dit doen.

Net deur te aanvaar/glo dat hierdie gebroke liggam God se tempel is.